

5 Oktober

Skrifgedeelte: Matteus 10:34–39

Fokusgedeelte: Matteus 10:38,39

Kruisdra

Jesus gebruik hier in vers 38 die eerste keer die uitdrukking dat die dissipels *hul kruis moet opneem en Hom moet volg*. In daardie tyd moes 'n veroordeelde sy eie kruis dra terwyl hy uit die stad gelei is. Deur die kruis te dra, het hy erken dat die doodsvonnis oor hom uitgespreek is. Hierdie beeld was dus bekend aan die dissipels. Jesus wou hê dat sy dissipels moes verstaan dat hulle hul kruis moes opneem om daardeur te erken dat hulle vanweë hul sondes ook die doodsvonnis verdien. Alleen deur die ou lewe agter te laat, kon hulle die nuwe lewe vind in Christus. Jesus self het deur sy hele lewe sy kruis gedra en geweet dat die doodsvonnis op hom rus as gevolg van ons sondes.

Die dissipels kon nie alles dadelik verstaan nie. Christus saai die saad wat later sou ontkiem. Die dissipels moes nie net hul kruis dra nie, maar ook leer dat deur Jesus te volg tot by sy kruis, hulle die krag sou ontvang om hul ou lewe af te lê. Ook moes hulle leer dat daar 'n nuwe lewe deur die kruis van Jesus Christus sou kom.

Christus vra sy dissipels om alles te verlaat en hul kruis op te neem, hulle eie lewe te los en Hom te volg. Die roepstem kom ook tot ons om ons sondeskuld te besef en te erken, ons selfsugtige, selfgerigte lewe met sy selfbevrediging en selfverheffing te los en ons kruis in gemeenskap met Christus te dra. Dan kan ons ook deel hê aan sy oorwinning aan die kruis.

Sing: Skrifberyming 10:2,4 Ds SP Venter (Reitz)